
# Wennerwoorde 4 van 2025




## Gedagte vir die week

Laat alles by julle in liefde geskied.

1 Korintiërs 16:14

## Atletiek

Ons deel graag die volgende opwindende nuus rondom atletiek.  Na afloop van die afgelope week se byeenkomste net die volgende uitslae:

Zone Wes B Byeenkoms gehou op 7 Februarie 2025 by Secunda Stadion het Laerskool Secunda met die eerste plek van nege skole weggestap.



Ons atlete presteer puik en verwerf die volgende:

41 x goue medaljes
23 x silwer medaljes
26 x brons medaljes

Skole Top 10 gehou op 8 Februarie 2025 by die Bestmed Tuks Stadion is ook vir Laerskool Secunda ‘n spogprestasie waar verskeie van ons atlete deelgeneem het aan die Prestige byeenkoms waar ons weereens met verskeie medaljes weggestap het.

So volhou ons atlete die Wenner titel by ons deelname aan die Highveld Ridge Circuit byeenkoms gehou op 12 Februarie 2025.

54 van ons 60 kwalifiserende atlete dring deur na die volgende rondte.

Ons is ongelooflik trots op elkeen wat sy/haar beste gelewer het en hierdie uitsonderlike prestasies behaal het. Ons beste wense vergesel hul Saterdag, 15 Februarie 2025 na Govan Mbeki Municipality byeenkoms te Secunda Stadion.

*“If your mind can conceive it, and your heart believe it, you will achieve it”*





## Pumaki Rugby

Die Pumaki Rugby-seisoen is om die draai!

- Ouervergadering vir al die ouers – 17 Februarie 2025 om 18:00 in die Saal.
- Eerste oefening - 5 Maart 2025

Ons sien uit daarna om weer 'n fantastiese seisoen vol spanwerk, vaardigheidsontwikkeling en pret te hê.

## SWEM

Ons swemmers het Dinsdag hul eerste Skoleliga-gala vir die jaar in Middelburg geswem, en Laerskool Secunda is reeds aan die voorpunt!

Ons swemspan vaar so goed! Ons is baie trots op ons swemmers. Sterkte vir die volgende gala wat op 27 Februarie 2025 plaasvind.

As jy wil hê jou kind moet deel wees van hierdie wenspan, kontak asseblief vir Juf. Candyce.









Van Riebeeck Park Pool - Site License — HY-TEK's MEET MANAGER 8.0 - 7:52 PM 11/02/2025 Page 1

**NGD School League Round 1 - 11/02/2025**

**Team Rankings - Through Event 24**

**Combined Team Scores**

| Place | Team | | Points |
|---|---|---|---|
| 1 | Laerskool Secunda | Laerskool Secunda | 451 |
| 2 | Hoerskool Secunda | Hoerskool Secunda | 434 |
| 3 | Middelbrug Hoerskool | Middelbrug Hoerskool | 390 |
| 4 | Hoer Tegniese Skool Middelburg | Hoer Tegniese Skool Middelburg | 221 |
| 5 | Laerskool Middelburg | Laerskool Middelburg | 109,50 |
| 6 | Middelburg Primary School | Middelburg Primary School | 78,50 |
| 7 | Laerskool Kanonkop | Laerskool Kanonkop | 40 |
| 8 | Unattached | Unattached | 15 |
| | | **Total** | **1739,00** |

## Hofbevel

Ouers, daar is wel situasies waar daar ‘n hofbevel is dat spesifieke persone **nie** u kind/kinders mag afhaal nie.

Vir u kind se veiligheid asook om ons databasis op te dateer, versoek ons u om ‘n afskrif van so ‘n bevel dringend by die algemene kantoor in te handig.

Plaas dit in ‘n koevert vir aandag – Magda du Plessis.

Hierdie inligting word konfidensieel hanteer, maar is uiters belangrik vir u kind se veiligheid

## Woensdag Chat-Klub!

Ons Graad 7’s se eie eksklusiewe geselsklub oor aktuele onderwerpe!

Hier gesels kenners met ons kinders oor gesonde eetgewoontes vir my tienerlyf, velsorg vir tienervelle, ek hou van wie ek is asook fiksheid, stimulante en nog vele meer.

Moedig u seun/dogter aan om deel te vorm van dié klub.

Saam bou ons aan elke Graad 7 se selfbeeld en selfwaarde!





## Heronderrig

Heronderrig klasse vir Gr. 4-7 vir Afrikaans, Engels en Wiskunde begin volgende week. Briewe word uitgegee aan leerders wat baat sal vind by die klasse. Alle leerders is welkom om die klasse by te woon aangesien dit tot voordeel is vir voorbereiding van toetse wat u kind gaan skryf.











**Social-Emotional Intelligence: Helping Your Child Build Strong Attention Skills**

https://rinalouwclinical.co.za/social-emitional-intelligence /

Vriendelike groete



MNR. J. BOTHMA
HOOF